# JAHUAH SE STEM

Wanneer ‘n mens iemand ontmoet, leer mens sy stem ken. Hoe meer ‘n mens met mekaar te doen het, hoe meer raak die oor geoefen om sy stem te herken sonder dat mens die persoon sien. As mens ‘n persoon liefhet, verlang mens om sy stem te hoor. Netso tussen die Gelowige en JaHUaH.

Nadat daar ‘n ontmoeting tussen jou en JaHUsha was, sal mens graag Sy stem wil hoor, maar mens kan so maklik ‘n fout maak omdat mens Hom nog nie so goed leer ken het nie. Ons moet dus soos Samuel van ouds leer hoe om die geestelike oor in te span om Hom te kan hoor en dit sal vir mens moontlik wees as mens Hom toelaat om Homself aan mens te openbaar.

Hoe meer ons die Woord in perspektief lees, hoe meer “lees die Woord ons” en leer ons Hom ken. Ons leer wat Sy wil vir ons is en wat nie. Ons gemoed sal dit begin absorbeer en Sy wil sal in ons begin vorm aanneem en ons voorberei om Hom te kan “hoor”. Dit sal ons leiding gee oor hoe om omstandighede te kan hanteer en ons terselfdertyd van ons wonde heel.

> Ps. 107:20 <u>Hy het sy woord uitgestuur</u>, dat Hy hulle **kon gesond maak** en hulle **uit hul kuile red**.

So ontwikkel die “hoor” van Sy stem tesame met die Woordgebaseerde wandel met JaHUaH op ons persoonlike lewenspad en kry mens ‘n geoefende geestelike oor.

**HOE KAN ONS HOM DAN HOOR?**

- Mens se hart en gemoed moet baie stil en oorgegee wees om te kan hoor, want Sy stem is sagkens.

  In 1 Kon. 19:11 – 12 sien ons dat JaHUaH nie in die sterk wind was nie, ook nie in die aardbewing nie, ook nie in die vuur nie, maar wel **in die gesuis van ‘n sagte koelte**. Die “Amplified Bible” stel dit so:

  > “**a sound of gentle stillness** and **a small voice**”.

  Mens se hart moet dus rustig en onverdeeld op Hom gerig wees. Die gemoed moet nie so baie raas nie. Bring die malende gedagtes tot stilstand en kom op ‘n afgesonderde plek om te kan luister.

- Daarom help dit om “oor iets te slaap” voordat ‘n besluit geneem word of voordat daar met iemand oor iets gepraat word.

- Hy praat met mens deur omstandighede. Daardeur bring Hy jou eenkant om al jou aandag te kry.

- Dan maak Hy ook deure oop en toe om sodoende vir ‘n mens ‘n gids te wees en moet mens gewoonlik nie probeer om deure oop te forseer nie, veral as ander aspekte wat rigtingwysers is

saam met die "toe deur" getuig. Wees dus bereid om Hom Sy wil te laat geskied al kom dit voor asof dit anders is as wat ons gedink het dit moet wees.

Bid ook pertinent vir **oop** of **toe deure** om so Sy wil te kan onderskei.

> Open. 3:7 En skryf aan die engel van die gemeente in Filadelfía: Dít sê die Afgesonderde, die Waaragtige, wat die sleutel van Dawid het, wat **oopmaak** en **niemand sluit nie**, en **Hy sluit** en **niemand maak oop nie**:
> Open. 3:8 Ek ken jou werke. Kyk, Ek het voor jou 'n **geopende deur gegee**, en **niemand kan dit sluit nie**, want jy het min krag en jy het my woord bewaar en my Naam nie verloën nie.

- Moet ook nie vlees en bloed raadpleeg sonder om **self** ook van Elohiem te verwag nie, dan sal mens Hom nie hoor nie of nie "reg" hoor nie. Die Woord sê: "Vervloek is hy wat vlees sy arm maak" (Jer. 17:5).

- JaHUaH kan wel mense gebruik in die proses, maar wees versigtig want hulle is ook maar net mense.

  Moet egter ook nie mense wat dieselfde pad (dieselfde omstandighede as joune) vòòr jou geloop het, se raad sumier verwerp nie, want hulle het al van Hom geleer. Maar toets dit wel. Hulle raad sal egter dan ook **in lyn moet lê met die Woord** en baie belangrik .... met die **vrede** in mens se hart. Dit sal wees soos 'n ry robotte wat almal groen is soos wat dit met ander rigtingaanwysers sal korrespondeer.

  > Spr. 15:22 Planne misluk sonder beraadslaging, maar deur die **veelheid van raadgewers** kom dit tot stand.

  Dikwels word mense ook deur JaHUaH gebruik sonder dat hulle self daarvan bewus is. Iemand kan bloot in 'n geselskap iets sê of vertel, maar op daardie oomblik skiet dit mens soos 'n pyl uit 'n boog raak en lig bars vir mens deur die duisternis.

  Wees dus fyngevoelig vir Elohiem se stem oor die algemeen, sonder dat mens pertinent navraag gedoen het by iemand.

- JaHUaH bevestig sy Woord altyd. In 2 Kor. 13:1 staan: "In die mond van **twee of drie getuies** sal elke woord vasstaan."

  Ons sien die metode van bevestiging ook in die profesieë. Daar word meer as een maal oor 'n saak geprofeteer deur verskillende profete, bv. oor die geboorte en folterdood van JaHUsha die Gesalfde asook ook oor Sy wederkoms. Moet dus nie op grond van een manier van leiding optree nie, maar wag op 'n tweede en miskien 'n derde bevestiging.

- Moet ook **nie haastig wees nie**. Elohiem laat 'n mens dikwels wag. Abraham moes wag. Sy weë is nie ons weë nie en sy gedagtes is nie ons gedagtes nie. Hy beproef mens se lankmoedigheid en vertroue, maar Hy sal altyd van Hom laat hoor, op die regte tyd.

Ons doen dit ook met ons kinders, want omdat ons langer leef as hulle het ons 'n breër perspektief van die lewe as hulle en weet wanneer hulle dit werklik na waarde sal skat wat ons hulle wil leer of gee. Vir 'n groter fiets sal hulle moet wag vir langer bene. In die wagproses leer hulle dan sommer om geduldig te kan wees en om vele ander dinge intussen te bemeester.

So het Elohiem 'n doel en 'n rede vir die wagproses. Vir ons is die doel om 'n oplossing vir 'n saak te kry, vir JaHUaH is die wagproses **die doel**. Hy is besig om mens te onderrig in die waarhede van Sy Woord. Hy is besig met ons geestelike vorming, met ons afsondering om meer soos Hy te kan wees.

Moses was in die woestyn voordat sy bediening begin het, so ook Johannes. Dit was wagtydperke wat opleidingstydperke was, wat gepaard gegaan het met reiniging en afsondering.

- Mens sal ook moet weet hoe om die Woord van **die waarheid reg te sny** (2 Tim. 2:5). Om die gordel van die waarheid aan te hê, is nie slegs om nie te jok nie, dis ook om die waarhede van die Woord te ken en hoe dit met mekaar verband hou. Anders sal dit vir die Vyand baie maklik wees om deur middel van die Woord sy saad te saai en jou te laat dink dis JaHUaH wat met mens praat. Mens sal kan glo dat mens dan in die geloof op 'n Woord van Elohiem handel, maar al die tyd het die Vyand mens in sy strik gevang.

  Dit was sy taktiek gewees toe hy JaHUsha in die woestyn versoek het. JaHUsha het die skrifte geken en kon hom elke keer met Skrif wat **in verband** aangehaal is, verdryf. Die leiding wat mens dus ontvang moet nie op ander plekke in die Woord **weerspreek** word nie.

- Daar skuil ook 'n groot gevaar wat betref die luister na "profete" en hulle dan slaafs na te volg. Mens moet ook SELF by JaHUaH hoor. Hy woon in jou gees om juis met jou gemeenskap te kan hê.

- Elohiem kan ook 'n **gedagte** in mens se hart plaas. In Jer. 32:6 sien ons dat die Woord van Elohiem skynbaar eers in 'n **gedagtevorm** na Jeremia gekom het om die stuk grond in Anatot te koop op 'n tydstip wat dit na 'n verkeerde ding gelyk het om te doen. Toe, in Jer. 32:8 kom Hanàmeël na Jeremia en vra dat Jeremia die stuk grond in Anatot moet koop. Die Woord sê daar in vers 8: "**Toe** het ek gemerk dat dit die Woord van JaHUaH was."

  JaHUaH het eers die gedagte gestuur, toe die gebeurtenis. Sò is dit bevestig vir Jeremia dat dit JaHUaH was wat gepraat het. In Joh. 14:29 sê JaHUsha:

  > "En nou het Ek dit aan julle gesê **voordat** dit gebeur, sodat **julle kan glo wanneer dit gebeur**."

  JaHUaH sal dit wat Hy vir jou sê, bevestig en wanneer die saak waaroor Hy praat plaasvind, sal jy 'n vaste vertroue kan hê dat die saak uit Hom is en dat dit Sy stem is. In Joh. 13:19 sê JaHUsha:

  > "Van nou af sê Ek dit aan julle **voordat** dit gebeur, sodat **wanneer dit gebeur**, julle kan glo dat dit Ek is."

- JaHUaH se stem kom by herhaling na mens toe om mens se aandag te kry. JaHUaH het Samuel **drie maal** geroep. Samuel het nog nie Sy stem geken nie, maar nà die derde keer het Eli wel

gemerk dat dit JaHUaH is wat die seun geroep het (1 Sam. 3:7). Toe Samuel dan **bewus** geword het van Elohiem, het JaHUaH Homself aan hom geopenbaar.

> 1 Sam. 3:21 "En JaHUaH het weer verskyn in Silo; want JaHUaH het **Hom geopenbaar aan Samuel** deur **die Woord van JaHUaH**."

Noudat Samuel dus Sy stem leer ken het, kon JaHUaH Hom weer aan Samuel openbaar.

Vind JaHUaH in ons iemand aan wie Hy Hom kan openbaar? 'n Goeie vraag om te antwoord is ... Het ek Hom liewer as die oplossing van my probleem? Kan ek sê: 'Nie my wil nie, maar U s'n?'

As mens net na Sy stem soek vir antwoorde en oplossings vir mens se probleme, beweeg mens op dun ys. Mens sal maklik en valslik deur die vyand mislei kan word, deurdat hy jou kan lààt hoor **wat jy graag wil hoor**, omdat mens mensself dan onbewustelik liewer het as vir JaHUaH.

- As mens 'n **vaste oortuiging** het van wat JaHUaH aan mens gesê het, sal mens nie begin weifel wanneer omstandighede nie dadelik reg rangskik volgens Elohiem se Woord aan mens nie, of wanneer iemand anders iets sê wat kan twyfel saai nie.

> Joh. 10:27 "My skape **luister** na my stem, en Ek **ken hulle** en **hulle volg My**."

As mens se oortuiging nie eg is nie en nie uit Elohiem is nie, sal mens begin twyfel en hink op twee gedagtes en soos Petrus nie meer op die water kan loop nie, maar sink in die omstandighede.

Paulus het net op Elohiem se woord aan hom vasgehou toe hulle in die storm op die see was en die son en ook die sterre baie dae lank nie geskyn het nie. Hy sê in Hand. 27:25 ...

> "Ek glo Elohiem dat dit so sal wees **soos aan my gesê is**."

Wanneer mens dus nie meer lig sien in jou omstandighede nie en tog seker is dit was die regte leiding, hou dan vas aan die woord wat Elohiem jou gegee het, al lyk dit onmoontlik. Die woord van belofte hang tog af van die **almag** van die **Beloftemaker**.

- Gewoonlik is daar meer mense by 'n saak betrokke as net mensself. Wanneer Elohiem met jou praat, sal Elohiem hulle ook dieselfde lei, sodat julle eenders gelei kan word. Al weet die een nie van die ander nie en al konfereer hulle nie, want Elohiem het beheer oor elkeen se gedagtes en lewe. In Jer. 32:27 sê Hy:

> "Kyk, Ek is JaHUaH, die **Elohiem van alle vlees**, …… ".

Hy is die Elohiem van alle vlees. Hy neem mense se gedagtes gevange en werk in hulle om te wil en te werk volgens Sy welbehae. Al is dit ook mense wat nie kinders van JaHUaH is nie.

- JaHUaH openbaar Hom ook deur **drome en gesigte**, omdat die mens se verstand dan nie betrokke kan wees nie, veral nie met 'n droom nie en kry die stil stem van JaHUaH kans om menslike redenasie te oorheers asook die gemoed wat so baie kan raas. Drome en gesigte moet egter verklaar word o.g.v. die Woord.

Hand. 2:17 En in die laaste dae, spreek Elohiem, sal Ek van my Gees uitstort op alle vlees, en julle seuns en julle dogters sal profeteer, en julle jongelinge sal **gesigte sien**, en julle ou mense sal **drome droom**.

Dit is egter ook iets om **baie** waaksaam mee om te gaan en ook moet mens nie daarvan afhanklik raak en leiding noodwendig net op die manier te soek nie, omdat dit is nogal die medium is wat die vyand die graagste deur vals profete gebruik, want net soos wat hy valslik vir mens "woord" kan gee, kan hy valse gesigte of drome ook gee.

Daarom is dit goed om mensself gereeld "skoon" te maak in die gees en iets soos hierdie te bid:

*"Dankie vir die Bloedverbond deur JaHUsha waardeur ek toegang tot U het. Maak my weereens skoon van enige ongeregtighede, oortredinge, misdade en sondes in my lewe, van dinge wat ek gesien het, wat ek ookal gedink het, gedoen het, gehoor het, gesê het of aan deelgeneem het. Sny enige kontak van die duisternis met my gees af volgens Heb. 4:12, want ek wil slegs van U af ontvang net wat vanaf U Gees is en wat Lewe is (Joh. 6:63)."*

Egte drome en gesigte sal bydra tot die oorsig van die probleem waarvoor leiding gesoek word en ooreenstem met die ander maniere waarop JaHUaH Homself aan ons openbaar wat reeds hier hanteer is.

Dit gebeur ook dikwels dat iemand vir jou sal kom sê: "Haai, ek het iets oor jou gedroom", en met die aanhoor daarvan, kom mens agter hoedat dit JaHUaH is wat direk met mens praat. Of iemand sal sê: "Ek het dit of dat gesien toe ek vir jou gebid het, maar verstaan dit nie, verstaan jy dit?" Dan weet mens dadelik waaroor dit gaan, al weet die betrokke persoon nie. Op die manier word mens se eie denke en vooroordele uitgeskakel sodat JaHUaH se stem toegang kan kry tot ons dikwels verwarde gemoedere. *Sien ook: DROME EN GESIGTE AS PADWYSERS*.

- 'n Laaste manier waarop mens JaHUaH se stem hoor, maar wat beslis nie die minste is nie, is die **vrede** wat Elohiem in jou binneste gee.

Kol. 3:15 En laat die **vrede van Elohiem**, waartoe julle ook in een liggaam geroep is, in julle harte **heers**, en wees dankbaar.

Joh. 14:26 maar die Trooster, die Afgesonderde Gees, wat die Vader in my Naam sal stuur, Hy sal julle alles leer en sal julle herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het.
Joh 14:27 **Vrede laat Ek vir julle na**, my vrede gee Ek aan julle; nie soos die wêreld gee, gee Ek aan julle nie. Laat julle hart nie ontsteld word en bang wees nie.

So, al loop die omstandighede en die Woord mooi saam mag die vrede in die binneste **nie ontbreek nie**. Dis Elohiem wat in ons werk om te wil sowel as om te werk na Sy welbehae as ons met Hom wandel (Fil. 2:13). As die vrede nog ontbreek, wag dan totdat dit ook in lyn is.

Dit het ook dikwels baie met die gesonde verstand te doen en daarom mag dit nie buite rekening gelaat word nie, hoewel Elohiem doen ver bo wat mens kan bid of dink.

Wees dus maar net stil en laat Hom toe om jou te leer.  Hy is begerig om dit te doen, want Hy verlang ‘n verhouding met jou.

**WAT VERHINDER DIE HOOR VAN SY STEM**

- **Ongeloof** verhinder dat mens JaHUaH se stem hoor.  Daar is dalk ongeloof dat Hy wel met mens spesifiek sal praat ... dink mens dalk dat Hy net met ander praat, of glo mens nie in die hele aspek van die “hoor van Sy stem” nie.

  Heb. 11:1  Die **geloof dan is ‘n vaste vertroue** op die dinge wat ons hoop, ‘n bewys van die dinge wat ons nie sien nie.

  Rom. 10:17  Die **geloof is dus uit die gehoor**, en die gehoor is deur die **woord van Elohiem**.

  JaHUaH/JaHUsha se Gees woon in jou en Hy wil Homself baie graag aan jou openbaar, maar ongeloof dat Hy wel met mens sal praat, skakel die “opvangstoestel” af.  Skakel dus jou geestelike geloofsoor aan om te kan hoor, weet Hy wil en sal met jou praat.  Hy wil so graag ‘n lewendige verhouding met ons hê.

- **Ongehoorsaamheid** verhinder ook die hoor van Sy stem.  Dit maak Sy stem stil.  Totdat mens begin doen het wat Hy gespreek het, gaan Hy nie verder praat nie.

  Miskien gehoorsaam mens nie omdat mens liefs iets anders wou gehoor het?

  Haal nou eers die blokkasie uit die pad uit en sê soos Samuel:  “Spreek JaHUaH, ek luister” (1 Sam 3:10).  Onthou dis die Almagtige wat met jou praat, nie sommer enige mens nie.  Dit baat om gehoorsaam te wees.

- Die Vyand sal mens por om **te vinnig** te reageer op dit wat “lyk na JaHUaH se woord” of hy sal mens **probeer briek** om te sê “dis nie regtig Hy nie”.  So moet ons leer om te onderskei deur al die voorafgaande “padbordjies” en sal ons wel die beoogde bestemming van JaHUaH se wil met ons bereik.

Mag JaHUaH dan in ons iemand vind met wie Hy ‘n **verhouding** kan hê.  Sy geduld met ons in die proses is onbegryplik.  Moet dus self nie moedeloos word as jy al verkeerd “gehoor” het nie, maar gebruik die mislukkings om by die egte uit te kom deurdat jy nou uit ondervinding weet waar die slaggate is.

Wanneer mens Elohiem se stem gehoor het, **bewaar dit eers in jou hart** om nie die risiko te loop om deur ander mense beïnvloed te word nie.

Luk.  2:19  sê:  “maar Maria het al hierdie woorde **bewaar** en **in haar hart oordink**.”

Bepeins dit, weet dit, rig jou hart op Elohiem en hê gemeenskap met Hom.  Die oomblik sal aanbreek wanneer alles soos ‘n legkaart inmekaar pas en jy sal weet dat dit tyd is om te openbaar wat JaHUaH aan jou gesê het.

**OPGESOM**

Om kortliks op te som, onthou dat die leiding wat mens gekry het (hetsy of dit skrif was, of ‘n droom of gesig of ‘n gedagte of almal tesame) ooreenkomstig met die **oop of toe deure** en die **vrede in jou hart** moet getuig.

Distansieer jou dan van jou eie wil as mens JaHUaH s’n soek en wag daarop, want Hy sal mens op die regte tyd Sy stem agter jou laat hoor wat sê:

> “Draai hier links” of, “draai hier regs, dit is die weg, wandel daarop.”

Sy stem is soeter as heuning en dit voed jou met die beste van die koring. Sit maar aan JaHUsha se voete, dis die beste plek wat jy ooit sal ontdek. Hy begeer ‘n verhouding met jou en soeter woorde sal jy nêrens anders hoor nie, want dit versadig, bevredig en voed die innerlike mens.

Sy plan is nooit onheil nie, nooit nie. Elohiem se plan is seën ... altyd ... AL LYK DIT NIE SO NIE. Later sal dit wel duidelik wees.

Op ons pelgrimsreis op aarde is ons genadiglik bevoorreg om gedurig gemeenskap te mag hê met Hom wie ons eendag in die Ewige Lewe van aangesig tot aangesig gaan sien.

Dan sal ons die Eienaar sien van die Stem wat ons altyd gehoor het en sal dit nie ons diepste begeerte vervul nie? Dis die Eienaar van daardie rustige en sagte stem wat jou deur die Doodsjordaan gaan dra, geen ander geliefde kan mens daar vergesel nie.

Laat ons dan die oog en die oor op JaHUsha hou, die LEIDSMAN en Voleinder van ons geloof, sodat ons nie in ons siele vermoeid word en verslap nie!

0-0-0-0-0-0

AndriYaH
1994
Hersien November 2019